

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: BEDRYF EN FINANSIES

DIE STRATEGIESE POSISIONERING VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AS 'N 21STE-EEUSE, NAVORSINGSGEDREWE UNIVERSITEIT STEL HOË EISE AAN DIE GEHALTE EN STATUUR VAN DIE NAVORSINGSUITSETTE, DIE INNOVERENDE BEVORDERING VAN DOELMATIGE LEERRUIMTES EN DIE WEDERSYDS VOORDELIGE INTERAKSIE MET GEMEENSKAPPE. DIE UNIVERSITEIT SE VERBONDENHEID TOT HIERDIE IDEAAAL VAN UITMUNTENDE WETENSKAPBEOEFENING VOORVERONDERSTEL 'N DOELMATIGE EN INSTAATSTELLEND OMGEWING WAT DIE EFFEKTIEWE UITOEFENING VAN DIE INSTITUSIONELE KERNFUNKSIES MOONTLIK MAAK.

Die sewe afdelings wat aan die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies rapporteer, naamlik Fasiliteitsbestuur, Informatietegnologie, Interaktiewe Telematiese Dienste, InnovUS, Regsdienste, PROJEKtUS en Finansies, speel elkeen op 'n unieke manier 'n belangrike rol in die skepping en instandhouding van 'n naatloos geïntegreerde, dwarsliggende ondersteuningsomgewing, wat universiteitswyd vir die realisering van die Universiteit se strategiese strewes bevorderlik is. Gedurende die afgelope jaar het daar in sommige van hierdie omgewings omvattende herstrukturering plaasgevind om die kwaliteit van die ondersteuningsdienste te verhoog deur meer sinvolle posisionering, onderling en ten opsigte van die kernbesigheid se veranderende behoeftes.

Alhoewel hierdie afdelings uiteenlopende verantwoordelikhede het, is daar in 2009 goed gevorderd om die onderlinge fokusse sinergisties te koördineer en om

die afsonderlike mikpunte met die uitdagings wat deur die Strategiese Raamwerk, Visie 2012, die Oorhoofse Strategiese Plan en die geformuleerde interne strategiese doelwitte (kyk “Transformasiemikpunte”, bl. 7) gebied word, in ooreenstemming te bring.

In hierdie multidimensionele bestuursomgewing word belangrike ondersteuningsdienste – soos finansiële beplanning en bestuur, die bedryf van institusionele inligtingstelsels, die skep van tegnologiegesteunde alternatiewe toegangsroetes tot nagraadse studie aan die Universiteit, die uitbreiding en instandhouding van fisiese fasiliteite en beskermingsdienste, die formele bestuur van projekte, die lewering van 'n professionele regsdiens, en die bestuur van die kommersialisering van intellektuele eiendom – tot voordeel van die Universiteit saamgetrek. Volhoubaarheid lê die funksionering en ondersteunende dienste van al sewe afdelings ten grondslag.

VERANTWOORDELIKE FINANSIËLE BESTUUR

Die Afdeling Finansies skep, onder leiding van mnr Manie Lombard as Hoofdirekteur, 'n finansiële instaatstellende omgewing waarin die volgende effektief kan plaasvind: finansiële beplanning en begroting; finansiële verslagdoening; ontwikkeling en toepassing van aanvaarde interne kontrolemechanismes en -prosedures; ontwikkeling en instandhouding van toepaslike finansiële stelsels; finansiële opleiding; vasstelling en administrasie van studentegelde; administrasie van studenteleninge; fondse-, beleggings- en bankadministrasie; vaslegging, beheer en bestuur van personeelvergoedingsbetalings, debiteure, krediteure en ander bates en laste; administrasie van aankope; fasilitering van tenders vir produkaankope en dienste; en kommersiële dienste.

Die Universiteit se finansiële beplanning en bestuur berus op 'n stel finansiële bestuursbeginsels wat in 2003 deur die Raad aanvaar is. Binne hierdie raamwerk is 'n omvattende stel finansiële beleide ontwikkel en geïmplementeer. Enige toevoeging tot of wysigings aan finansiële beleide word deur die interne ouditeure nagegaan en aan die Oudit- en Risikokomitee van die Raad gerapporteer.

Strategiese finansiële beplanning volgens die sentrale tema van volhoubare posisionering onderweg na 2015 word deur die strategiese doelwitte vir toeganklikheid, diversiteit, studentesukses, personeelsukses en navorsingsukses gerig. Die verbandhoudende sakeplanne van die onderskeie verantwoordelikhedsentra met rollende sesjaarplanne dien as raamwerk vir die jaarlikse begroting. In 2007 is die uitvoerige begrotingsmetodiek vir die jaarlikse begrotingstoedelings

aan verantwoordelikhedsentra gefinaliseer en in 2009 is dit verder verfyn om te verseker dat die aanwending van bronne in ooreenstemming met die Universiteit se strategiese prioriteite is.

OM FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID IN DIE LANGTERMYNBEPLANNING NA TE STREEF WORD DIE VOLGENDE, ONDER MEER, GEDOEN:

- *Realistiese inkomste- en uitgaweprojektsies, insluitende studentegeldverhogings wat, met enkele uitsonderings, 11% vir 2009 beloop het en 8% vir 2010 beloop.*
- *Koppeling van meerjarige studente-inskrywingsbeplanning met inkomste-, uitgawe- en kapitaalbeplanning. Oor die medium tot lang termyn beplan die US vir matige groei in die voorgaande studentetal, met groter groei in die fokusareas van Ingenieurswese, Gesondheidswetenskappe en Opvoedkunde en sterker groei in die getal nagraadse studente.*
- *Deeglike verrekening van die agterstande en nuwe strategiese behoeftes ten opsigte van fasiliteite.*
- *Identifisering van verskeie aksies om volhoubare ruimte in die toekomstige begrotings te skep, soos verhoogde netto inkomste uit OSP-projekte, implementering van 'n volkoste-benadering, beter kommersialisering van derdegeldstroom-geleenthede en benutting van rustende bates.*
- *Die toedeling van 'n bedrag gelykstaande aan 0,6% van die begrote jaarlikse inkomste aan 'n gebeurlikheidsreserwe vir die finansiering van onvoorsiene uitgawes. Balansfondse binne fakulteite en steundiensomgewings word ook aangewend vir onvoorsiene uitgawes binne die betrokke omgewings. Besparings*

op die jaarlikse begrotingstoekennings word na balansfondse oorgedra, wat voorkom dat onbestede fondse verkwis word.

- Die toedeling van 'n bedrag gelykstaande aan 2,0% van die begrote jaarlikse inkomste aan 'n strategiese fonds. Dit stel die universiteitsbestuur in staat om strategiese inisiatiewe te finansier ter uitvoering van die US se sakeplan en die verbandhoudende sakeplanne van omgewings binne die Universiteit. In baie gevalle word 'n gedeelte van 'n inisiatief se uitgawes ook uit die balansfondse van die betrokke akademiese of diensomgewing gefinansier. Projekte en aktiwiteite word net vir 'n beperkte tyd uit die Strategiese Fonds gefinansier en moet daarna uit normale begrotingsfondse bekostig word.

Die Universiteit se finansiële bestuursbeginsels beklemtoon die sentrale rol van die begroting in die realisering van strategiese prioriteite. Erkenning word ook gegee aan die belangrikheid van verantwoordelike finansiële bestuur in die lig van die sorgsaamheidsplig wat opgelê word deur die gebruik van belastingbetalersgeld en die geld van studente (en hulle ouers en ander ondersteuners), sakeondernemings en borge. Die Afdeling Finansies skep ook ruimte vir gedesentraliseerde finansiële bestuur wat entrepreneuriese gedrag en verhoogde doeltreffendheid bevorder. Bestuurders regdeur die Universiteit het die gedesentraliseerde bevoegdheid om hul diskresie te gebruik oor die aanwending van fondse en die benutting van vaste bates. Hulle is verbind tot behoorlike verslagdoening en is aanspreeklik vir die gebruik van geld en vaste bates ter bereiking van die US se strategiese doelwitte.

Die uitvoering van bestuursverantwoordelikhede word ondersteun deur die instandhouding en deurlopende ontwikkeling van doeltreffende rekeningkundige en bestuursinligtingstelsels waarvolgens geloofwaardige en geëvalueerde data betyds beskikbaar gestel kan word. Die US se finansiële state vir 2009 voldoen aan die vereistes van *International Financial Reporting Standards* (IFRS).

INFORMASIE-TEGNOLOGIE (IT) HET UITSTEKENDE PASSING REGDEUR UNIVERSITEIT

Die Afdeling Informatietegnologie skep, onder leiding van die Senior Direkteur, mnr Helmi Dreijer, 'n instaatstellende omgewing waarin die voordele van 'n effektiewe IT-infrastruktuur vir IT-gebruikers geoptimeer word. Elemente van die omvattende IT-ondersteuningsdienste wat gelewer word om die effektiewe aanwending van tegnologie by elke afdeling te ondersteun:

- Die vestiging van 'n stewige IT-infrastruktuur waarop institusionele inligtingstelsels gevestig en uitgebou kan word.
- Die bemagtiging van akademici in die uitvoer van hulle kernaktiwiteite van navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie.
- Die ontleding van institusionele prosesse met die oog op die ontwikkeling van oplossings waarin moderne tegnologietoepassings tot die verbetering van produktiwiteit lei.
- Die toenemende integrasie van dwarsliggende proses- en stelselvlakke om groter sinergisme en effektiewer samewerking tussen fakulteite en diensomgewings te verseker.

Die Afdeling slaag daarin om met eie tegniese spesialiste, stelselanaliste en stelselontwikkelaars onafhanklik van eksterne stelselverskaffers te wees en om intern pasgemaakte oplossings van gehalte vir die eiesoortige probleme van 'n hoërsonderwys-omgewing te ontwikkel. Die handhawing van hierdie eie ontwikkelingsvermoë is van kritieke belang om, benewens 'n verskaffer van IT-dienste, 'n instaatstellende vennoot te wees wat waarde tot die tegnologiestelsels en -prosesse toevoeg.

Verskeie handprosesse is in 2009 met elektroniese werksvloei-prosesse vervang, waaruit verbeterde dienslewering, groter produktiwiteit en vinnige toegang tot inligting voortgevloei het.

Die Afdeling het die afgelope jaar voortgebou op die kuber-infrastruktuur wat tydens vorige jare se e-kampusinisiatiewe gevestig is. Hierdie inisiatiewe sluit in die vestiging van 'n kliënt-en-donateur-verhoudingsbestuurstelsel (CRM) en 'n nagraadse tegnologie-platform wat ten doel het om 'n verbeterde inligtingbestuurstelsel te verskaf.

Daar is ook goed gevorder met die Akademiese Aanbod-inligtingstelsel (AAIS – die e-jaarboek). Hierdie aanlyn-inligtingsbron blyk van groot waarde vir studente te wees by die keuse van 'n studierigting en/of loopbaan. Om studente verder te ondersteun, is 'n web-aansoekstelsel vir nagraadse beurse ontwikkel wat dit ook vir beursgewers moontlik maak om aanlyn navraag oor die status van hul beursoekers te doen. Stelsels wat dit vir studente moontlik maak om elektronies vir toelating tot programme aansoek te doen, asook om aanlyn vanaf hulle tuisomgewings vir die programme te registreer, is ontwikkel. Sowat 70% van die studente wat elektronies kan registreer, het in 2009 van hierdie diens gebruik gemaak.

Die Telekommunikasiestelselprojek, wat ten doel het om die bestaande telefone met IP-telefone te vervang, vorder goed. In 2009 is 871 Telkom-telefone vervang, wat 'n maandelikse besparing van R342 000 op die telefoonhuurkoste meegebring het. 'n Verdere uitbreiding van die telekommunikasiestelsels is die vestiging van 'n elektroniese kontaksentrum wat as deel van 'n kliënteverhoudingsbestuurstelsel en eenstopdiens vir studente vanaf 2010 in werking sal tree.

Om toegang tot die Internet te verbeter, het die Universiteit 'n langtermynbelegging gedoen deur op die Seacom- ondersese kabelverbinding in te koop. Dit het daartoe bygedra dat die internasionale bandwydte, sonder 'n verhoging in koste, vanaf 2010 van 40 megagrepe per sekonde na 600 megagrepe per sekonde opgegradeer kon word.

Die toename in inligtingsverwerking plaas groot druk op die kapasiteit van die data-infrastruktuur. Die datastoorkapasiteit word tans opgegradeer om voorsiening te maak vir die deurlopende rugsteun en argivering van inligting wat met die uitvoering van die kernprosesse van die Universiteit verband hou.

Voorsorgmaatreëls word getref om die beskikbaarheid van inligtingstelsels te verseker. Die rekenaarlokale is in 2009 met nuwe alarm- en brandbestrydingstelsels toegerus en daar word ook seker gemaak dat die inligting op gepaste wyses geargiveer word vir doeltreffende herwinning wanneer nodig.

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: BEDRYF EN FINANSIES VERVOLG

Die toenemende behoefte aan toegang tot rekenaars en netwerke vir effektiewe leer en onderrig lei daartoe dat studente al hoe meer hul eie skootrekenaars in lesinglokalen wil gebruik. Die Afdeling het dus in 2009 adviesdienste gevestig wat dosente en studente vanaf 2010 kan ondersteun met die aankoop van rekenartoerusting en die aanwending daarvan in 'n hoëronderwysomgewing.

Die Universiteit se IT-infrastruktuur en -inligtingstelsels is tans van die gevorderdste in die land en vergelyk ook goed met van die beste in die wêreld.

INTERAKTIEWE TELEMATIESE DIENSTE (iTD) SKEP VIRTUELE STUDIERUIMTES

Die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste, onder leiding van die Senior Direkteur, prof Tom Park, is verantwoordelik vir die uitbreiding van die Universiteit se virtuele studieruimtes om die nagraadse programaanbod binne bereik van steeds méér voornemende studente te bring. Visie 2012 verbind die Universiteit om 'n sterk kapasiteitsontwikkelingsrol in Afrika te vervul. Uiteraard moet die Universiteit vir dié doel die deelname aan sy akademiese programme onder alle gemeenskappe vergroot. Daarmee staan die Universiteit voor ten minste twee uitdagings: om meer toeganklik te wees vir mense wat hul potensiaal ten volle wil verwesenlik deur nagraads te studeer terwyl hulle hul professionele loopbane voortsit; om die akademiese ondersteuning te bied wat sulke studente vir suksesvolle studie nodig het.

Teen hierdie agtergrond stel die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste hom ten doel om die virtuele mobiliteit van geografies verspreide studente te verhoog ten einde hulle deelname aan die Universiteit Stellenbosch se nagraadse akademiese aanbod te verbreed. Omvattende verbeterings is gedurende die afgelope jaar aan die fisiese en tegnologiese infrastruktuur aangebring, wat die kapasiteit van die Afdeling om voorpunt-ondersteuningsdienste te lewer verder verhoog het. Doelmatig geselekteerde tegnologie, wat ook met die eiesoortige uitdagings van die beskikbaarheid en koste van internettoegang in Suider-Afrika rekening hou, is 'n belangrike middel waarmee studente wat nie op die kampus is nie die akademiese, administratiewe en ondersteuningsdienste wat deur die Universiteit gebied word, kan bereik. Deur tegnologiegesteunde alternatiewe toegangsroetes tot die Universiteit te skep, vervaag die tradisionele skeiding tussen kontak- en afkampusonderwysgeleenthede terwyl die beperkings wat dikwels deur plek en tyd aan verdere studie gestel word, verminder word. Die ideaal is dat die Universiteit, ongeag plek, optimale leerervarings aan alle nagraadse studente bied.

'n Unieke tegnologieplatform wat satelliet-, mobiele, webgebaseerde, knapkaart- en videokonferensietegnologieë integreer, skep 'n kontinuum van leergeleenthede wat wissel van sinkrone tot asinkrone onderwys. Heelparty nagraadse programme en kortkursusse van Stellenbosch maak reeds suksesvol van die geïntegreerde platform gebruik om virtuele studieruimtes as deel van 'n vermengde (*blended*) leerbenadering te skep.

Die voortgesette toename in die aantal nagraadse studente wat deur die telematiese platform ondersteun word, strook met die Visie van die Universiteit. Die tegnologieplatform dra ook by tot die verbetering van die nagraadse studentekorps se diversiteitsprofiel, want dit deurbreek die hindernisse wat tradisioneel sommige gemeenskappe se deelname aan hoër onderwys belemmer het.

Erkenning vir die strategiese rol wat die Afdeling in die realiserings van die institusionele strewes speel, is ontvang deurdat een van die Universiteit se projekte, naamlik Virtuele Nagraadse Leerondersteuning, wat uit die Oorhoofse Strategiese Plan voortvloei, aan die Afdeling toegeken is.

As deel van die Universiteit se deurlopende gehalteversekeringsprogram, is die Afdeling gedurende die afgelope jaar deur 'n eksterne paneel, wat ook buitelandse kundiges ingesluit het, geëvalueer. In die finale verslag rapporteer die paneel: *"The Evaluation Panel applauds the achievements of the Division of iTS with regard to the quality of service, the improvements that were made over the past years and the delegation of responsibilities within the iTS team. The Evaluation Panel is impressed by the well structured Division and the transparency and effectiveness of its operation. The University of Stellenbosch should be applauded for taking this visionary decision to be the first university in South Africa to expand its postgraduate academic offerings to off campus learning centres where students can actively interact in the learning process."*

Om die Stellenbosch-voetspoor in Afrika deur middel van die telematiese platform te vergroot, word daar tans met verskillende instansies in Malawi, Zambië en Swaziland onderhandel om leersentrums daar te vestig. Hierdeur kan die Universiteit as 'n kennisvenoot 'n groter ontwikkelingsrol op die vasteland speel.

Die Afdeling het in 2009 op versoek van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement 'n verbeeldingryke projek om Graad 12-leerders deur middel van die telematiese platform te ondersteun, geloods. WKOD-gekose onderwysers het byna 100 uur lank uitsendings in vyf vakke na 10 geselekteerde skole gemaak. Die terugvoer van die skole, leerders en gemeenskappe was baie positief. Daar word beplan om die loodsprojek vanaf 2010 uit te brei tot 'n meerjarige projek wat 'n verdere 100 skole insluit.

AFDELING FASILITEITSBESTUUR AS TOONAANGEWENDE INSTAATSTELLER

Met die aanstelling van die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, mnr Chris Munnik, is daar in alle erns begin met die versnelde herposisionering en transformasie van die Afdeling. 'n Sakeplan is ontwikkel met die visie wat 'n "toonaangewende kampus-omgewing in Suid-Afrika" in die vooruitsig stel. Ter ondersteuning van die visie is 'n stel kernwaardes saamgestel en praktiese vertolk, om die Afdeling skerp op die belangrike taak van die omgewing te fokus. Die sakeplan word ondersteun deur 'n nuwe dienslewingsmodel, personeelstruktuur, personeelplan, kommunikasieplan en strategiese prioriteite en deur 'n padkaart vir die volgende vyf jaar – alles daarop afgestem om fisiese fasiliteite as instaatstellers op 'n breë basis te vestig en te verbeter. Hierdie beplanning word gekomplementeer deur

'n nuwe begrotingsproses vir 2010 wat nie net die omgewing se sakeplanne vertolk nie, maar ook 'n bedryfsbegroting en kapitaalbehoefte vir ses jaar verreken.

Om die volgehoue groei in akademiese aktiwiteite moontlik te maak, speel die Afdeling 'n belangrike instaatstellende rol ten opsigte van die beskikbaarmaking van doelmatige fisiese ruimtes.

Data wat verkry is van 'n steekproef-ruimte-oudit wat in 2009 uitgevoer is, sal aangewend word vir die verdere beplanning van fisiese ruimtes. As 'n vertrekpunt vir die ontwikkeling van 'n Geïntegreerde Meesterontwikkelingsplan wat die toekomstige ontwikkeling van die kampus vir minstens die volgende 20 jaar sal rig, is 'n basismeesterplan in 2009 saamgestel. Hierdie beplanning is noodsaaklik aangesien die Universiteit reeds sy fisiese infrastruktuur se optimale besettingskapasiteit oorskry het. 'n Toename in die kapitale investering oor die volgende paar jaar blyk dus onvermydelik te wees.

Sowat 30 eiendomsprojekte met 'n totale projekwaarde van R120 miljoen is in 2009 uitgevoer. Op sterkte van deeglike belyning met die kernbesigheid, en afgestem op die Universiteit se Visie, is die totale behoefte aan kapitaalinvestering vir nuwe fasiliteite in 2010 op R128 miljoen beraam, waarvan ongeveer 66% vir akademiese fasiliteite bestem is. Dit sluit nie die projekte in wat gedeeltelik deur die Departement van Onderwys befonds word nie.

Die optimale instandhouding van die fisiese fasiliteite as 'n belangrike instaatsteller vir die US se kernfunksies is noodsaaklik aangesien grootskaalse instandhoudings-agterstande tot strukturele gebreke, veiligheidsrisiko's en die nie-volhoubaarheid van dienste lei. 'n Toestandsoudit van die fasiliteite en 'n inhaalberaming het getoon dat die totale agterstand R1,057 biljoen (*huisvesting ingesluit*) beloop, waarvan R220 miljoen by die Tygerberg- en Bellvillepark-kampusse bestaan. 'n Volkoste-huurmodel word in die vooruitsig gestel wat by die voorgestelde beplande instandhoudingsfilosofie aansluit, en waarvolgens die Universiteit se fasiliteite ooreenkomstig gesonde sakebeginsels volhoubaar en kompetend bestuur word.

Die Onderafdeling US Beskermingsdienste het die Kampusveiligheidsstrategie gedurende 2009 volledig herdink met die oog op volhoubaarheid teen 2015. Daar is 'n groeiende vraag na dienste en die verwagting is dat die US toenemende verantwoordelikheid vir veiligheid en sekuriteit buite kampusgrense sal neem. As gevolg van die aanspreeklikheidsrisiko indien dienste buite die US se verantwoordelikheidsveld tot skade of beserings lei, is die Kampusveiligheidsstrategie aangepas. 'n Omvattende begroting ten bedrae van nagenoeg R15 miljoen is saamgestel vir fisiese toegangsbeheertoerusting by sowat 240 geboue van die Universiteit.

Om ondersteuning van gehalte aan omgewings met fisiese risiko-bestuur, beroepsveiligheidsoudits, brand-, nood- en rampbeplanning en toegangsbeheer te bied, is die fisiese risikobestuurfunksie weer

met die beskermingsdienstefunksie saamgevoeg. 'n Kampusgeboue-veiligheidsoudit is in die derde kwartaal gedoen en 'n regstellingsplan is in die 2010-begroting ingewerk.

'n Aangepaste Energiebesparingsplan wat die aanvanklik beraamde kapitaalbehoefte van R25 miljoen tot R3,4 miljoen verminder, is reeds aanvaar. Die projek word in 2010 geloods met die oog op die realisering van beduidende energiebesparing.

Daar is ook gedurende die afgelope jaar beplan om 'n nuwe subafdeling, naamlik Fasiliteitsdienste, aan die begin van 2010 te lanseer. Die omgewing sal voortaan alle fasiliteitsdienste en -prosesse koördineer en fasiliteer op 'n eenstopdiensbasis, met behulp van 'n gerekenariseerde fasiliteitsbestuurstelsel. Die stelsel word tans geïmplementeer. 'n Beperkte aantal fasiliteitsbestuurders word aangestel om die volle spektrum van gespesialiseerde fasiliteitsfunksies en -dienste binne aangegane diensvlak-ooreenkomste te integreer en te koördineer. Dit alles is in ooreenstemming met die beste praktyk wat internasionaal in die fasiliteitsbestuursbedryf gevolg word.

PROJEKTUS INTEGREER STEUNDIENSTE OPTIMAAL

'n Funksie is in die verantwoordelikhedsentrum van die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies geskep om op die optimale integrasie van die steundienste in hierdie sentrum te fokus en om die sinvolle integrasie van verskillende werksomgewings in die Universiteit te ondersteun. Die funksie staan onder leiding van die direkteur, dr Barbara Pool. In die uitvoering daarvan word in 'n groot mate van projekbestuursbeginsels en, waar toepaslik, van formele projekbestuur gebruik gemaak.

VOORBEELDE VAN DIE ONDERSTEUNING WAT IN 2009 GELEWER IS, IS DIE VOLGENDE:

- Die totstandkoming van die Elektroniese Kontaksentrum is 'n uitvloeisel van die herontwerp van die Afdeling Akademiese Administrasie. Die sentrum gaan vanaf 2010 dien as die sentrale punt vir navrae vanaf die Universiteit se verskillende kliëntegroepe, synde navrae via die telefoon, faks en e-pos. Die huidige skakelbord word dan ook hierby geïnkorporeer. In 2009 was die fokus op sowel die konstruksie van die Kontaksentrum self as die aanstelling van die kontaksentrumbestuurder en -agente.
- Die verdere implementering word nou in die lynfunksie bestuur.
- Die herstrukturering van Fasiliteitsbestuur het in 2009 'n hoogtepunt bereik. Ten einde die geloofwaardigheid van die projek te vestig, is die volle spektrum van personeel betrek by die omskrywing van werk wat in die Afdeling verrig moet word. Hierdie inligting is uitgebrei deur die insette van Deloitte, wat gehelp het om die beste praktyke nasionaal en internasionaal na te gaan en in die universiteitskonteks te toets. Die nuwe personeelstruktuur is op die definisie van werk gebaseer. Met die aanstelling van 'n Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur is die verdere implementering van die herstrukturering aan hom oorgedra.
- Die projek vir die geïntegreerde beplanning van die administratiewe geboue is op versoek van die Rektor en sy verantwoordelikhedsentrumhoofde geïnisieer. Die projekdoel was om

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: BEDRYF EN FINANSIES VERVOLG

die benutting van die fisiese ruimtes in hierdie geboue te optimeer. Belangrike aanbevelings is gemaak ten opsigte van die herinrigting van die geboue volgens nuwe ruimtelike norme. As volgende fase moet gedetailleerde beplanning gedoen word wat aspekte soos volhoubaarheid, energiegebruik en bekostiging in ag neem.

- *Ondersteuning is gelewer aan die uitvoering en monitering van die projekte binne die Oorhoofse Strategiese Plan, wat oor die hele Universiteit strek. 'n Meganisme is geskep met behulp waarvan onder andere die Afdeling Finansies en die Stellenbosch Stigting, sowel as die projekbestuurders naatloos inligting met mekaar kan deel. 'n Sentrale stoorruimte, wat toeganklik is via die web, is vir elke projek geskep. Projekplanne en enige addisionele inligting word hier bewaar. Die status van die projekte kan met gemak daar bygewerk word. Sodoende kan terugvoering van projekbestuurders op 'n effektiewe wyse verkry word sonder om 'n onnodige administratiewe lading op die projekbestuurders te plaas. Op hierdie wyse word effektiwiteit en beter dienslewering bevorder.*

Verder is bystand verleen aan die projekbestuurders met die opstel van volledige projekplanne. Dit word aangevul met opleiding in die gebruik van toepaslike tegnologie. Ook hierdie bystand vind gefaseerd plaas.

REGSDIENSTE STEUN US-GEMEENSAP MET KUNDIGHEID

Die Afdeling Regsdienste word tans nuut gestruktureer en het vir die interim gerapporteer aan die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies. Adv Riana Coetzer is die waarnemende hoof van die Afdeling.

Regsdienste, wat in die US gesetel is, is vir alle US-personeel en studente maklik toeganklik. Die Afdeling lewer op institusionele en funksionele vlak 'n professionele regsdiens aan die totale US-gemeenskap, naamlik die bestuur, die akademiese en nie-akademiese personeel en die studente. 'n Verskeidenheid van institusionele behoeftes word gehanteer. Derhalwe word kundigheid en dienste ook van buite gekontraakteer. Regsdienste dien as 'n kundige kontakpunt tussen die eksterne adviseur en die Universiteit.

Regsdienste het in 2009 aandag geskenk aan onder andere die opstel en goedkeuring van 'n groot verskeidenheid kommersiële kontrakte, advisering ten opsigte van beleidsformulering, die opstel, nagaan en afhandeling van 'n verskeidenheid regsdokumente en die bestuur van prosesse rakende regseise vir en teen die US. Onderhandelinge en samesprekings met buite-instansies en private regsfirmas oor verskeie aangeleenthede en oor die toestaan of weiering van aansoeke ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting en die Elektroniese Kommunikasiebeleid van die US was deurgaans aan die orde.

Regsdienste het in 2009 die audit van die US se dranklisensies van al drie kampusse, met die oog op die nuwe Wes-Kaapse Drankwet, afgehandel. Tesame met eksterne regsadviseurs is daar vir die Universiteit ook 'n konsep-wetlike nakomingsbeleid opgestel wat aan die bestuur voorgelê is. Die Hoof: Regsdienste sal as wetlike nakomingsbeampte van die Universiteit funksioneer.

Die Raad van die US het gedurende die verslagjaar die nuwe konsepstudentekode goedgekeur, waarvolgens die Afdeling Studentedissipline vanaf 2010 ook deel van Regsdienste sal uitmaak.

INNOVUS LEIER IN INTELLEKTUELE EIENDOM EN TEGNOLOGIE-OORDRAG

Hierdie jong afdeling word bestuur deur die direkteur, mev Anita Nel. InnovUS Tegnologie-Oordrag (Edms) Bpk bestuur die kommersialisering van die Universiteit se intellektuele eiendomsportefeulje deur patentering, lisensiering en die vorming van afwentelmaatskappye. InnovUS voeg waarde toe tot die Universiteit se strategiese planne en doelwitte deur die generering van derdegeldstroominkomste, beleggingsbates en openbare voordele, deurdat die voordele van wetenskaplike uitvindings tot die voorspoed van die gemeenskap aangewend word. InnovUS word wyd erken as die leier ten opsigte van uitvindersondersteuning, kommersialiseringsaktiwiteite en tegnologie-oordraginfrastruktuur. Die maatskappy is in 2009 as 'n volfiliaal van die Universiteit geïnkorporeer, na afhandeling van 'n beduidende en baie geslaagde herstruktureringproses wat gelei het tot die sluiting van die voormalige tegnologie-oordragafdeling van die Universiteit, te wete Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk.

InnovUS het die afgelope jaar altesaam 62 bekendmakings ontvang. Dit is 'n beduidende toename bo die vorige rekord van 43 bekendmakings in 2007 en het die doelwit van 39 vir 2009 oortref. Die portefeulje van afwentelmaatskappye het in 2008 'n gesamentlike omset van R82 miljoen gegenereer. Die betrokke maatskappye het in 2009 altesaam 203 werknemers in diens gehad.

NioCAD (Edms) Bpk is die jongste afwentelmaatskappy met reeds 10 werknemers in diens. Die aandeelhoudersooreenkoms vir dié maatskappy is in November 2009 onderteken. Die maatskappy ontwikkel programmatuur vir kringontwerp en fokus sterk op integrasie, outomatisering en samewerking. NioPulse, hul eerste produk, konsentreer op supergeleidingselektronika. Die Nasionale Innovasiefonds het omtrent R7 miljoen in die projek belê terwyl dit by die Universiteit in die ontwikkelingstadium was en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (IDC) se Waagkapitaalfonds het onlangs R12,5 miljoen belê om die maatskappy tot die kommersialiseringsfase te bring.

InnovUS het R896 801 deur lisensieringsinkomste en 'n dividendbetaling van R175 000 van Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk ontvang. Die lisensie-inkomsteteiken van R826 000 is dus oorskry. InnovUS het vyf lisensie-ooreenkomste met Genediagnosics (Edms) Bpk, 'n nuut gevormde swartbemagtigingsmaatskappy, onderteken.

InnovUS het weer 'n rekordjaar beleef vir die registrasie van goedgekeurde kortkursusse. Ongeveer 5 420 studente het 356 kursusse bygewoon. Die Kortkursusafdeling het 'n inkomste van R864 399 gegenereer, met 'n totaal van R1 664 899 sedert sy stigting in Januarie 2007. Kortkursusse fasiliteer voortgesette professionele ontwikkeling van verskeie vaardighede met toegang tot verdere volwasseneleer in 'n besondere veld, terwyl dit steeds voldoen aan die gehalteversekeringsvereistes van die

Universiteit en relevante regeringsinstellings. Kortkursusse wat by die Universiteit Stellenbosch aangebied word, is beperk tot die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) se vlakke vyf tot agt. Die studierreine wat tans deur ons kortkursusse gedek word, sluit siviele ingenieurswese, hernubare en volhoubare energie, gemeenskapsgesondheid met inbegrip van MIV-voorligting, kommunikasievaardighede, uitvoerende ontwikkeling en leierskapsprogramme in.

Die *Training Buggy*, 'n geoutomatiseerde oefenmaat vir atlete wat deur vier studente van die Fakulteit Ingenieurswese ontwikkel is, is vanjaar as die Universiteit Stellenbosch se weninskrywing in die eerste fase van die Nasionale Innovasiekompetisie aangewys. Die prys was R50 000. Die tweede prys (R30 000) is toegeken aan PowerMon, 'n innoverende toestel wat in 'n elektrisiteitsok ingeprop kan word om die kragverbruik van dié spesifieke sok op 'n lesersvriendelike wyse te toon. Die derde prys (R20 000) is toegeken aan 'n sakeplan oor pasiëntspesifieke knieervangings. Met gebruik van 'n selfopleidings- neurale netwerk met 'n databasis wat gesonde kniegeometrieë bevat,

kan die geaffekteerde knie se oorspronklike gewrigsoppervlakte-kniegeometrie afgelei word. Prosteses kan dan ontwerp en danksy vinnige vervaardigingstegnieke binne enkele dae gemaak word. Die bedoeling met hierdie kompetisie is om entrepreneurskap onder jong uitvinders te bevorder. In die eerste fase van die kompetisie word drie weners per hoëronderrysinstelling gekies en in die tweede fase ding die weners van al die instellings om die nasionale pryse mee. Die nasionale weners word in April 2010 aangekondig.

InnovUS het in 2009 sy tiende verjaarsdag gevier met die aanbieding van 'n Lente-slypskoolreeks. Die tema het aangepas by sy leuse "Mik vir goud". Daar is begin met 'n e-nuusbrief (www.innovus.co.za/pages/afrikaans/nuus-en-gebeure/ons-nuusbrief.php) en in die 2009:1-uitgawe van *Matieland*, die Universiteit se glanstydskrif wat aan alumni versprei word, is 'n insiggewende artikel oor InnovUS geplaas. 'n Artikel oor Stryer, een van ons tegnologieë, wat ons hoop om in die toekoms te loods, het in die tydskrif *Brainstorm* verskyn. 'n Nuwe webwerf (www.innovus.co.za) is ook bekendgestel.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH STUUR SATELLIET DIE RUIMTE IN

SumbandilaSat, gelanseer aan boord van 'n Soyuz-vuurpyl uit Kazachstan, is die tweede mikrosatelliet van die Fakulteit Ingenieurswese. *Sumbandila* is 'n Vendawoord en beteken 'om die weg te baan'. Danksy regeringsteun van die Departement Wetenskap en Tegnologie kon *Sun Space and Information Systems*, 'n afwentelmaatskappy wat uit dié Fakulteit ontstaan het, SumbandilaSat in 'n rekordtyd bou.

